



22 MEI 2022

# TORINGKERK NUUS

SONDAG EREDIENS



LOOK UP.

NOW LOOK DOWN.

DOWN HAS AN ENDING.

UP IS ENDLESS.

- MOD SUN

# MARKIETIE JAG

Hierdie jaar het die Markietie jaggroep van 11-15 Mei hulleself in die veld gaan uitleef in die mooi omgewing van Pearston. Daar was 'n hele klomp bokke wat geval het, en blykbaar geen gekwes nie! Wow manne, baie geluk. Die groep het tussen hulle, 6 bokke vir Markietie geskenk en ons is baie baie dankbaar daarvoor!

**As daar ander jagters is wat 'n bok wil skenk vir Markietie, kontak asb vir Ryno 083 610 1641.**

Dit sal baie waardeer word.

Ons sien weer uit na 'n heerlike saamkuier by hierdie jaar se Markietie.



# KUIER & KLETS

Die Kuier en Klets groep het vir Mei-maand se uitstappie hulle rol vermoë gaan toets by die Paarl Rolbalbaan.

Dit was 'n heerlike geleentheid van vriendelike kompetisie, lekker lag en saamwees. Ons was ook bevoorreg dat dit een van die warmste dae van Mei-maand was so ons het selfs met tye bietjie warm gekry.

Ons wil graag alle mense bo 60 nooi om by ons aan te sluit. Dis regtig 'n wonderlike manier om ander lidmate te ontmoet en dan boonop nog lekker saam te kuier ook.

***As jy belangstel, kontak asb vir Hanneltjie by 0836501860***



# OOM KERNEELS

Dit is vir ons bitter hartseer om met die gemeente te deel dat ons geliefde Oom Kerneels verlede week in sy slaap oorlede is.

Oom Kerneels was altyd die eerste een om op 'n Sondag by die kerk aan te kom en reg te maak om lidmate te verwelkom met die weeklikse nuusbrieff. Hy het ook elke jaar ons koeldrank stalletjie by die Markietie beman. Stil tevrede, altyd bly om mens te sien, met 'n glimlag op sy gesig.

Oom Kerneels, ons gaan Oom baie mis. Dit gaan vreemd wees om kerk toe te kom en Oom staan nie by die deur nie.

Rus sag oom Kerneels.



# TWEE (BOKSE)

Zander van der Westhuizen (eintlik Dr. van der Westhuizen - die dominee) en Leon Gropp (net 'n gewone ou - nie 'n dominee nie...) se paaie het twee dekades terug vervleg geraak en sedertdien het daar 'n rits musikale projekte die lig gesien.

In Twee (bokse), tree hulle musikaal in gesprek met stem, klavier en kitaar. Hulle benader vanuit twee verskillende kante die temas van dualisme, geloof, die kerk en die boksies waarin ons mekaar tog so gretig katogoriseer. Soms kunstig, soms abstrak, soms intellektueel, maar altyd met die nodige sweem van humor en tong-in-die-kies satire.

Pak jou Piekniekmandjie en kom kuier saam. Kaartjies op die webtuiste beskikbaar.



# twee (bokse)

TORINGKERK, PAARL  
4 JUNIE | 18:30

KAARTJIES BY [WWW.TORINGKERK.CO.ZA](http://WWW.TORINGKERK.CO.ZA)



# HEMELVAART & PINKSTER 2022

Volgende **Donderdag, 26 Mei**, is Hemelvaart. Daar sal 'n diens in die kerk wees om **18h30**.

Pinkster is die hele week van **Maandag 29 Mei tot Donderdag 2 Junie om 18h30** in die kerk.

Ons wil graag vir kleingroepe en lidmate vra om te help met 'n pot sop vir die verskillende aande. As ons drie potte sop per aand sal goed wees.

*As jy/julle bereid is om te help kontak asb vir Jana 0839484233.*

# VORM & VOLG MATERIAAL

Geloofsformasie is so belangrik vir elke Christen. Ons wil gelowiges toerus om elke dag volgens God se wil her-skep te word. Ons kleingroep materiaal se nuwe naam is "Vorm & Volg". Ons dink aan Jesus se woorde wat die dissipels roep "volg my".

Op hierdie reis word ons ge-"vorm" om soos Hy te wees. Gebruik asb die "Vorm & Volg" materiaal vir kleingroepe en vir individuele stiltetyd of nadenke. Die materiaal handel oor die Sondag se preek en is beskikbaar op die webtuiste en harde kopieë in die kerk.

**Kontak vir Ryno vir enige verdere inligting.**



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek

## DIE DATUM



**26 MEI**

HEMELVAART  
Toringkerk




**29 MEI-5 JUN**

PINKSTER  
Toringkerk



**29 MEI-5 JUN**

KINDER  
PINKSTER



**04 JUN**

TWEE (BOKSE) KONSERT  
Toringkerk

**twee  
 (bokse)**



**1-30 JUNIE** DANKOFFERMAAND  
Junie-maand



**19 JUN**

POPPEKAS  
Toringkerk | 09:30

# HAM SKOENDOSE

Huis Andrew Murray hou weer hul winter Kersfees partytjie in Junie! Ons as gemeente is weer gevra om skoendoos-geskenke vir die dogters van Huis Aristeia te pak.

Tans is daar 12 dogters en 1 huismoeder wat in Huis Aristeia woon. Daar is spesifieke behoeftes en 'n wenslysie wat opgestel word vir elke individuele dogter, wat as riglyn kon dien vir die inhoud van die skoendoos.

***Indien jy graag 'n skoendoos vir een van die dogters wil opmaak, kontak asb vir Janneke.***



# MSINGA KLERE

Het jy miskies vroue of kinderklere wat jou kas volstaan en jy nie meer gebruik nie? Ons het baie vriende in Msinga (KZN) wat hierdie klere baie sal waardeer! Jy is welkom om die klere by die kerkkantoor af te laai tussen 9h-13h in die week. Andersins kan jy vir Eddie kontak vir ander reëlings. Klere moet asb skoon gewas en reeds uitgesorteer wees.

Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak vir die Msinga Fonds, kan jy 'n inbetaling by die kerk maak met verwysing "Msinga".

***Ngiyabonga kakhulu!  
(Baie dankie in Zulu)***

# KOMBERSE

Die winter is om die draai en ons samel weer komberse in vir ons broers en susters in die Paarl wat hierdie winter koud gaan slaap. Hierdie jaar vat ons hande met ons netwerk om die verspreiding van die komberse uit te brei.

Saam met netwerke en pastore sal hierdie komberse in Mbekweni, Paarl Oos en selfs by Cansa uitgedeel word. Hulle hou ook terug vir tye wanneer informele nedersetting huise afbrand weens "heaters" in die winter seisoen (en rampe).

***Indien jy 'n kombers het om te skenk, kan jy dit voor of op 5 Junie by die kantoor aflaai of na die erediens bring by die kerk.***





Gr R-6'e

JY WORD SPESIAAL GENOOI NA ONS

# Pinkster Partytjie



WAAR?

PAARL-VALLEI  
GEMEENTE,  
KLEINSAALTJIE

WANNEER?

30 MEI, 31 MEI EN  
1 JUNIE

HOE LAAT?

18:15-20:15  
(SODAT JOU OUERS NA DIE  
GROOTMENS PINKSTER KAN  
GAAN!)

KONTAK NICO, TILANA OF  
JANNEKE VIR ENIGE  
NAVRAE!



JY IS GENOOI NA ONS

# Die fees van die Gees

## KINDERPINKSTER

VIR ALLE GR R-6'E

Ken jy die pinkster verhaal? Die storie waar die Heilige Gees uitgestort is en die kerk tot stand gekom het? Kom herontdek hierdie spesiale verhaal saam met ons en vier fees omdat die kerk verjaar! Hiep Hiep Hoera!

<p>SONDAGOGGEND 29 MEI</p>	<p>PAARLBERG, PAARL-VALLEI GEMEENTE OF TORINGKERK</p>	<p>DIE UITNODIGING EN VOORBEREIDING</p>
<p>MAANDAGAAND 30 MEI</p>	<p>PAARL-VALLEI GEMEENTE</p>	<p>DIE KERSIES OP DIE KOEK</p>
<p>DINSDAGAAND 31 MEI</p>	<p>PAARL-VALLEI GEMEENTE</p>	<p>"VEELS GELUK LIEWE MAATJIE"</p>
<p>WOENSDAGAAND 1 JUNIE</p>	<p>PAARL-VALLEI GEMEENTE</p>	<p>PARTYTJIE HOEDJIES</p>
<p>SONDAGOGGEND 5 JUNIE</p>	<p>PAARLBERG, PAARL-VALLEI GEMEENTE OF TORINGKERK</p>	<p>GESKENKE!!</p>

TYE:

Sondagoggend: gewone tyd soos in jou gemeente  
Maandag- tot Woensdagaand: 18:15-20:15

Ons gaan heerlik partytjie hou en daar sal elke aand iets wees om te eet!

Kontak Nico, Tilana of Janneke vir enige navrae

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

## JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

## KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

## TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



# OFFERGAWES

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES



TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.